Jesus Voor Die Deur

 Dankie. Laat ons net 'n oomblik bly staan vir gebed as julle sal, terwyl ons ons hoofde buig.

2 Ewige en Geseënde God, ons kom in U Heilige Teenwoordigheid in om aan U die aanbidding van ons harte te offer, U te dank en U te prys vir wat U vir ons gedoen het. Ons is onwaardig aan die seëninge wat U ons gegee het.

3 Ons wil bid dat U ons genadig sal wees en U seëninge aan ons sal uitbrei vanaand. Here, moenie na ons sondes kyk nie, maar kyk na ons geloof wat na Christus kyk, Wat ons sondegrens was, Wat al ons sondes vergewe en al ons siektes genees, en ons glo in Hom, Here, en ons het Hom lief. En ons weet dat U liefde Hom na ons geprojekteer het.

> *Want so lief het God die wêreld gehad, dat hy sy eniggebore Seun gegee het, sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore mag gaan nie, maar die* Ewige *Lewe kan hê.*

4 Dit doen ons, Here. En hierdie, die afsluitingsaand van hierdie twee-aand byeenkoms hier in hierdie pragtige stad, bid ons, God, dat U ons op een of ander manier sal vergewe vir ons swakheid, en die Sade sal neem wat gesaai is, en mag Hulle groei tot groot velde van siele. Skenk dit, Here.

5 Help ons nou vanaand. Ons staan hier sonder om te weet presies wat om te doen of te sê, maar ons maak staat op U, die Leidsman en Voleinder van ons geloof, Wat vir ons die belofte gegee het as ons ons monde sou oopmaak, sou U dit vul. En ons glo dat U Woord waar is.

6 Seën hierdie mense, seën die predikers, en hulle kerke, en al die lekedom, en diegene wat ons die gebou laat kry het, die skool, en mag ons almal saam wees. . . mag dit 'n groot seëning wees omdat ons bymekaar gekom het. Want ons vra dit, in Jesus' Naam. Amen.

7 Mag maar sit. Mnr. Sweet het net gesê dat hulle 'n klein liefdesoffer vir my opgeneem het, ek waardeer dit. Ek het nie daarvoor gekom nie, maar ek waardeer dit; my uitgawes is nie te veel nie. Ek het sewentien jaar gewerk terwyl ek 'n Baptiste kerkpastoor was en nooit 'n pennie geneem het in. . . Ek het nog nooit in my lewe self 'n offerande opgeneem nie, nog nooit in my lewe 'n offerande opgeneem nie. En, my uitgawes is nie veel nie, hulle beloop omtrent 'n honderd dollar per dag by my kantoor, en huis, ensovoorts.

8 Nou, dit mag vir sommige dalk baie lyk. Maar wat dink julle spandeer Oral Roberts 'n dag? Dis omtrent tienduisend per

dag, en Billy Graham beloop somtyds vyf-en-twintigduisend per minuut op sy uitsending, en dinge, so, sien, hierdie is baie min.

9 Maar ek het my werk klein gehou, en glad, nederig, sodat ek na klein groepies soos hierdie kon kom, en preek. Sien, as dit opgegaan het na waar ek 'n klomp radiotyd, en televisie, groot ampte, en dinge moes hê, wat so kon wees, dan kon ek nie gelei word net soos ek nou is, om na vyf, of ses, of wat ook al, te gaan nie; en ek het voor vyfhonderdduisend op een slag gepreek. Sien?

10 En as die Here wil hê ek moet oorsee gaan, dan sal Hy net . . . op een of ander manier, borg iemand dit, en ek gaan oorsee, en duisende mense in groot stadswye dienste, bring Hy hulle net in, op een of ander manier, dat ek nie daarmee hoef aan te gaan nie. So, dis net 'n baie lieflike lewe om deur geloof te lewe.

11 En ek is so bly dat God my toegelaat het om te kom en hierdie tyd van gemeenskap met julle mense te hê. Ek hoop dat ons eendag weer ontmoet, indien nie weer hier nie, sal ek julle Daar oorkant ontmoet, deur die genade van God, wanneer dit alles verby is. En julle sal hoor wanneer ek julle daar ontmoet, ek sal hierdie selfde getuienis hê wat ek nou het: Hy's steeds dieselfde.

12 En nou, sal ek vir julle bid, bid julle vir my. En ek wil julle bedank vir die klein liefdesoffer. En tog, het ek 'n familie, drie kinders en 'n vrou, en so het ons die kantoor, ons het ons onkoste, en elke week stuur ons duisende gesalfde lappe uit om die wêreld, en briewe van baie nasies af.

13 Ons het, julle kan julle voorstel, ons het vier fone waarmee ek kan antwoord, en somtyds gemiddeld twee-en-veertig langafstand oproepe per uur. Sien? Dis sonder ophou. En julle kan julle voorstel wat dit is, dis 'n groot spanning. Julle my foto kon sien van omtrent agt jaar gelede, en vandag sou julle nie weet dit was dieselfde persoon nie, as gevolg van die spanning, voortdurend, nag en dag, die heeltyd.

14 Maar een ding, iemand het my gevra, gesê: "Broer Branham, wanneer gaan jy rus?"

Ek het gesê: "Wanneer ek die Jordaan oorsteek, sal daar 'n rus daar oorkant wees vir my."

15 Nou, die nagte kom, ek moet nou hard werk. Werk jy saam met my deur vir my te bid en God te vra om my te help om die beste te doen wat ek weet hoe om siele vir Hom te wen.

16 En ek wil die skool bedank, as sommige van die opsigters dalk naby sou wees, wat vir ons hierdie plek laat kry het, ek waardeer dit. Ek dank die—die kerke wat ons borge was, die pastore, ons waardeer dit beslis, broers. Ek het jou waarskynlik nog nooit in my lewe ontmoet nie, jy mag iewers in 'n konvensie gewees het, maar ek waardeer.

17 Ek weet in 'n dorp in 'n intellektuele nasie waarin ons woon, om te sê dat julle julle hande uitsteek en sê: "Hier glo ek hierin

om dit te borg," dis 'n yslike groot stap. Ek is seker God sal julle ryklik beloon vir hierdie stap wat julle gemaak het om te ondersteun. Dankie aan ieder en elk.

18 En nou, laat ons weer ons hoofde buig om die Outeur te vra om die Boek vir ons te interpreteer.

19 Here, Hierdie is U Woord. En ek's moeg vanaand, Here, hierdie is omtrent dertig aande agtermekaar, en ek bid dat U my sal help, op een of ander manier, dat ek net so onderdanig sal wees aan U Gees, dat die Heilige Gees die woorde sou neem en hulle reguit uitplaas waar hulle hoort. Skenk dit, Here.

20 Ontvang eer op een of ander manier deur die pogings wat ons aanwend. Seën U kinders, hulle is vanaand hier vergader vir geen ander doel behalwe om U te aanbid nie. Ek bid, Here, dat U sal kom en ons U sal laat aanbid. Want ons vra dit, in Jesus' Naam. Amen.

21 Ek het vanaand net 'n bekende teksie gekies, wat hier oorkant in die Boek van die Openbaring gevind word, en dis die 3de hoofstuk en die 20ste vers:

> *Kyk, Ek staan by die deur, en klop: as iemand my stem hoor en die deur* sal *oopmaak, sal Ek inkom na hom toe, en saam met hom maaltyd hou, en hy met my.*

22 Hierdie is nogal 'n ongewone teks, maar, julle weet, God is ongewoon, Hy doen dinge op ongewone maniere. En dis nie veel van 'n Skrif om te lees nie, maar daar is genoeg daarin, as God Dit aan ons sal openbaar, genoeg vir verlossing en vir genesing vir die hele wêreld, Dis God se Ewige Woord.

23 En die Skriflesing, posisioneel gereed vanaand, is vir die Laodicése Kerktydperk; wat ek waarlik glo dat ons in hierdie Laodicése Kerkeeu lewe. Ek glo dat elke prediker en Bybelleser in hierdie stad, as hulle hier was vanaand, of in die nasie, sou hulle erken dat hierdie boodskap aan die Laodicése Kerk was, wat die laaste kerkeeu is, wat louwarm geword het, nie warm of koud nie, en God moes dit uit Sy mond spuug, volgens die voorlesing.

24 En dis 'n . . . Die toneel van die voorlesing is ongewoon, want dis Iemand wat aan 'n deur klop. Ek kan nou net nie onthou, die—die kunstenaar wat daardie beroemde skildery geskilder het van Jesus wat aan die deur klop nie, maar ek onthou dat ek die geskiedenis van daardie foto geneem het, hoe dit geverf was. Ek weet dit het die Griekse kunstenaar, o, baie jare van sy lewe gekos, om hierdie prent te maak. En alle beroemde prentjies, voor hulle *gesaal* kan word in die, of, gehang kan word in die helde, moet hulle eers deur die saal van kritici gaan.

25 Wat 'n pragtige prentjie van die Kerk! Voor die Kerk ooit uit die kritici geneem kan word, moet Dit eers deur die kritici gaan,

en dan word Dit in die Wegraping geneem na die heerlikheid nadat Dit die toets van kritiek deurstaan het.

26 En dit behoort elke Christen gelukkig te maak vanaand om te weet dat jy so op hierdie aarde kan lewe, nie van die aarde nie, net 'n pelgrim en 'n vreemdeling, 'n reisiger hier, in die wete, dat ons—ons erfenis nie van hierdie wêreld is nie, ons Koninkryk is nie van hierdie wêreld nie, dis van die Wêreld wat sal kom; in hierdie wete, dat ons lewe in wat hulle noem "die dag van die mens." Die Dag van die Here sal kom, dit sal die Dag vir Sy Kerk wees; al hierdie dinge is aards en sal vergaan.

27 En let op wat ons Here gesê het: "Almal wat godvrugtig wil lewe in Christus Jesus, sal vervolg word." Elke seun wat na God toe kom moet eers beproef, getugtig, kinderopvoeding kry, geen uitsonderings nie, elke seun wat na God toe kom, moet beproef word. En as ons nie die tugtiging kan verduur nie, dan sê die Skrif ons word buite-egtelike kinders, en nie die kinders van God nie.

28 En is dit nie 'n groot gevoel om te weet dat God se genade sommige van julle hiernatoe gedra het deur twintig en dertig jaar van beproewinge en vervolgings nie? God het dit vir jou gedoen, wys dat jy 'n ware kind van God is, en Hy het jou in Sy gemeenskap ingeneem. Eendag in die aangesig van alles wat jou gekritiseer het, sal jy verheerlik word en 'n liggaam gemaak word soos Sy Eie verheerlikte liggaam by Sy Koms; ons wag vir daardie kosbare hoop.

29 En toe, hierdie groot skildery, soos dit deur die kritici gegaan het, was daar een besondere kritikus wat gekom het en hy het gesê: "Meneer, ek dink jou portret van Christus is mooi. En ek dink dat die deur, en die toneel, en in die nag in die duisternis kom en aan die deur klop, ek dink dat dit baie gepas is vir Openbaring 3:20. Maar," het hy gesê: "daar is net een ding wat jy vergeet het om te doen, meneer."

En die kunstenaar het gesê: "Wat sou dit wees?"

Hy het gesê: "Jy het vergeet om 'n grendel aan die deur te sit. As die man sou sê 'Kom in,' hoe kon Hy inkom wanneer daar geen grendel is vir Hom om by in te kom nie?"

"O," het die kunstenaar gesê: "ek het dit so geskilder, julle sien, op . . . in hierdie geval is die grendel aan die binnekant."

30 En dis hoe dit is, die grendel is aan die binnekant, Christus klop aan die deur, maar *jy* moet die deur oopmaak, Hy sal nie teen jou wil nie. Hy gee jou vermoë om Hom in te laat, maar Hy sal . . . kan Homself nie inforseer nie, want daar's geen grendel vir Hom om by in te kom nie, jy moet die deur oopmaak.

31 En waarvoor sou enigiemand dan aan 'n deur klop? Wat sou die bedoeling wees van iemand wat aan 'n deur klop? Dit probeer ingang verkry binne met 'n boodskap, met 'n geskenk, of met 'n

opdrag, of iets wat die een wat klop aan die binnekant probeer inkom om te sien wie aan die binnekant is. En dit is gedoen deur vriende en vyande deur die eeu.

32 Byvoorbeeld, wat as die groot dae van die groot Caesar Augustus, wat as hy sou afkom na een van die boere se huise in Rome, en hy sou aan die deur van hierdie arme geklop het, onder in meer van die vuil deel van die stad, waar die armes gewoon het? En die groot Augustus sou afkom en aan die deur van een of ander arm boer klop, en die boer sou na die deur toe gaan, en die deur oopmaak, en daar staan die groot Caesar, wat dink julle sou daardie boer gedink het? "Ek, 'n arm man, kan skaars weet hoe om van een maaltyd na die volgende te gaan, en hier's die keiser van die volk wat voor my deur staan!"

33 Wat 'n eer sou dit vir die boer, die arm man, gewees het, want Caesar was die belangrikste man in die hele Romeinse wêreld, so dit sou 'n groot eer vir hom gewees het.

34 Nou, en so sou hy gesê het: "Groot Keiser, kom in my nederige huis in. As daar enigiets in my huis is wat u begeer, is dit u s'n, u kan dit kry. As daar enigiets is wat ek kan doen om my groot keiser te help, sal ek dit doen." Want dis die belangrikheid van die persoon by die deur, wat dit so werklik maak.

35 Of wat as net onlangs in Duitsland, toe oorlede Adolf Hitler, die groot führer van Duitsland, wat as hy sou afkom na een van sy soldaat se huis, net 'n voetsoldaatjie, en sou aan die deur klop, en die soldaatjie sou gaan en by die venster uitloer, en sou sien dit was Hitler voor sy deur, die grootste man in Duitsland, wat voor die deur van 'n voetsoldaat staan? Wel, vinnig sou hy die deur oopgemaak het, en met die, op aandag gekom het, en met die Duitse saluut.

36 En dan sou hy, miskien, op sy knie gekniel en gesê het: "Groot Führer van Duitsland, u het my klein woning geëer! Kom in, liewe heer. En as daar enigiets in my huis is wat u wil hê, is dit joune. Ek is so geëerd om u te hê, die groot diktator van Duitsland, om in my huis in te kom, of om selfs na my werf toe te kom en aan my deur te klop." Sekerlik, dit sou 'n groot eer gewees het, en hy sou Mnr. Hitler laat inkom, en enigiets wat hy wou hê, dit kon hy kry.

37 En vanaand, as ons dierbare President Dwight Eisenhower sou kom na die huis van die beste Demokraat wat daar in hierdie stad is, en aan die deur klop, jy mag met hom verskil oor politiek, maar dit sou 'n eer wees om te weet dat Dwight Eisenhower aan jou deur geklop het, enige persoon hier, dis reg, want hy is een van die grootste Amerikaners wat daar is, hy's die president van hierdie Verenigde State. En 'n goeie Demokraat sou geëerd voel om Dwight Eisenhower by sy deur te hê.

38 Of wat as die koningin van Engeland, wat onlangs vir Kanada besoek het, toe het sy haar pad gevind daar na die

Verenigde State toe, en wat as sy hiernatoe sou kom en afgaan na 'n klein hut toe, waar ek waarskynlik hier sou gewoon het, of die, sê die armste persoon in die stad, en sou haarself verneder, en aan die deur klop, of sou aan jou deur klop, en jy sou daar na die deur toe gaan en sien dat dit die koningin van Engeland was? Wel, jy sou geëerd gevoel het, want sy's 'n belangrike vrou.

39 Ek het haar eenmaal gesien, ek het die ou, moeder koningin gesien, ek het hulle gesien toe Koning George, net toe hy nog sy veelvuldige sklerose gehad het, voor hy my laat roep het om vir hom te kom bid. En toe hulle in die straat afgegaan het in Kanada, en daar gestaan, daar was die koningin in haar pragtige, blou rok, en Koning George met sy, wat regop sit, ly aan maagsere in sy maag en veelvuldige sklerose, wat hulle gesê het hy het geweldig gely daardie dag, maar julle sou dit nooit geweet het nie, net so regop gesit. Hoekom? Hy was 'n koning, en hy het homself soos 'n koning gedra.

40 En ek het Mnr. Baxter opgelet, wat altyd my veldtogbestuurder was, hy het net gehuil toe hy hulle sien verbygaan. En ek het gesê: "Ernie, waaroor huil jy?"

Hy het gesê: "Billy, daar gaan die koning en die koningin!" Gesê: "O, is hulle nie lieflik nie?"

Ek het gesê: "Ja, Mnr. Baxter, hulle is."

41 Maar ek het gedink: "As 'n onderdaan van Koning George so sou voel toe hy verbygegaan het, wat sal dit wees wanneer Jesus kom, die Koning van die Heerlikheid? Hoe sal Sy onderdane voel wanneer Hy verbygaan?"

42 Die skole het die kindertjies uitgelaat, en vir hulle klein vlaggies gegee, en vir hulle gesê . . . klein, Britse vlaggies. En hulle wou patrioties wees, hulle wou hom verwelkom; hy het aan die volk se deur geklop. En die onderwyseres het die kleintjies verdaag, en hulle gaan uit op die straat, wanneer die koning verbykom, sou hulle hulle klein, Britse vlaggies waai om te wys dat hulle getrou was aan hom as die koning.

43 En 'n sekere skool, een kindjie het nie teruggekeer nie, so die onderwyseres het uitgehardloop in die strate om te kyk waar die kind was. En sy het hierdie dogtertjie gekry waar sy teen die telegraafpaal leun en net haar hartjie aan die huil. En die onderwyseres het gesê: "Wat makeer, skat?" Gesê: "Het jy nie jou vlag gewaai nie?"

En sy het gesê: "Ja, Juffrou, ek—ek het my vlag gewaai."

Sy het gesê: "Wel, het die—het die koning hier verbygegaan?"

En sy het gesê: "Ja, Juffrou, die koning het hier verbygegaan."

Wel, gesê: "Het jy die koning gesien?"

Gesê: "Ja, Juffrou, ek het die koning gesien."

"Wel," gesê: "waarom huil jy dan, skat?"

Sy het gesê: "Jy weet, ek's so klein, ek het die koning gesien, maar die koning het my nie gesien nie." En sy was ontsteld.

44 O, hoe anders is dit met Jesus! Maak nie saak hoe klein jy is, hoe arm jy is, enige klein aanbidding nie, Hy sal dit sien.

45 En hierdie groot koningin, sy dogter, as sy na jou huis toe sou kom, 'n vrou van daardie kaliber, en haarself sou verneder om na jou deur toe te kom en te klop, en jy sou weet wie sy was, jy sou sê: "O, groot Koningin," tog is jy nie haar onderdaan nie, maar: "kom in, jy's welkom in my huis. En enigiets wat hierbinne is, jy kan dit kry."

46 Maak nie saak hoeveel jy 'n juweelsieraad gekoester het nie, dit sou hare wees, want jy sou geëerd voel om—om dit oor te gee, al het jy baie daarvan gedink. Jy sou dit oorgee aan die groot koningin van Engeland, dit sou 'n—dit sou 'n eer vir jou wees.

47 En as sy haarself so sou verneder, sou elke koerant dwarsdeur die wêreld dit berig: "Die groot koningin van Engeland het haarself verneder en na New Haven, Connecticut toe gegaan, en na die armste persoon toe wat daar was, en het in hulle huis ingegaan." O, die televisie sou dit berig, al die radio's sou dit uitbasuin, dit sou in die Verenigde Pers wees, sekerlik: "Sy het haarself verneder."

48 En enigiets wat in jou huis was, sy sou welkom wees tot dit; jy sou haar nie wegwys nie, beslis nie, want sy is so belangrik. Maar ek wil vir julle iets vra: Wie is belangriker as Jesus? Wie kan belangriker wees? En wie word meer weggewys as Jesus? Hy word meer weggewys as enigiemand wat ooit van enige deur af weggewys was. En Hy wil niks van jou wegneem nie, Hy wil jou die beste ding gee wat jy ooit kan hê: Ewige Lewe, en tog word Hy weggewys; Hy wil jou genees wanneer jy siek is, maar Hy word weggewys. O, hoe Hy moet voel!

49 As ek aan jou deur geklop het, en jy sou my inlaat, en sê: "Broer Branham, kom in my huis in. Jy is—jy is net welkom hier, ek sal bly wees as jy my besoek." O, ek sou dit waardeer, en dan sou ek net tuis voel. Ek sou reguit ingaan en as ek my skoene wou uittrek, oor die bed lê, sou ek dit doen. As ek in die yskas wou ingaan, en vir my 'n yslike groot toebroodjie maak en dit eet, sou ek welkom voel. Ek sou net voortgaan en myself tuis maak.

50 Maar wanneer Jesus inkom, is Hy nie welkom nie. Nou wil ek vir julle iets vra. Jy sê vir my: "Broer Branham, ek het Jesus reeds 'n lang tyd gelede in my hart laat inkom." Wel, ek waardeer dit beslis, dis baie mooi. Maar het julle Hom net ingelaat as 'n nooduitgang? Het jy Hom ingelaat om jou van die hel te red? Of het jy Hom ingelaat om volle beheer in jou hart te hê, om welkom te wees?

51 Baie mense sal Hom by die deur inlaat, maar hulle wil Hom nie Here laat wees nie. *Here* is "heerser, eienaarskap, besitter." Mense laat Jesus in: "Ek wil nie ongered sterf nie, Here, Ek wil

nie na die duiwel se hel toe gaan nie, so ek sal U aanvaar as my persoonlike Verlosser." Maar wanneer Hy inkom, kan Hy Here wees oor jou huis? Is Hy welkom?

52 Nou hier is waar ek wil praat vir die volgende paar minute: In jou hart het jy 'n klomp klein, geheime kamers waarin jy nie wil hê Jesus moet inkom nie, dis die deurtjies binne die deur.

53 Nou, soos jy om die hoek gaan na regs, nadat jy ingekom het, waar Jesus, jy Hom aanvaar het as jou Verlosser, maar jy sou sê: "Nou kyk, Jesus, staan U net *daar*. Moet nou nie met my besigheid begin lol, of enige van my verenigings, of vir my sê wat ek moet doen of van hou nie, wat ek moet dra, of wat ek moet doen nie. Bly u net *daar*, moenie dat ek hel toe gaan nie. Goed, bly U net *daar*, maar moet U nie in my privaat lewe inmeng nie."

54 O, ons het elkeen 'n klein privaat lewe van ons eie, en ons wil nie hê enigiemand moet daarmee lol nie. "Ek het my eie idees oor dinge, so bly U net weg."

55 Nou, sou jy reg voel as jy na my huis toe kom, ek sou sê. . . "Broer Branham, ek was by jou—jou diens in New England."

56 Ek sou sê: "Aangename kennis? Stap in." Wel, wat as jy. . . Ek sou sê: "Maar jy moenie van *hierdie* plek af beweeg nie, bly jy net *hier*, Moenie hier of êrens rondpeuter nie"?

57 Jy sou nie welkom voel nie, jy sou waarskynlik weer by die deur uitgaan. En ek wonder of dit nie die rede is waarom ons kom en heel opgewerk raak gedurende die tyd van herlewing, en dan, naderhand, bevind ons onsself weer reguit terug in die wêreld nie, is omdat ons Jesus nie Here van ons lewe laat word nie. Ons sal Hom nie laat. . . ons eie privaat lewe oorgee, en alles—alles wat ons is aan Hom oorgee nie. Dis waarvoor Hy wil inkom, is om beheer te neem oor jou.

58 En die eerste ding, as ons sê: "Nee, nee, nee, nee, nee! Ek wil nie hê U moet dit doen nie. Wel, ek speel kaart, maar moenie—moenie—moenie dit doen nie. Ek—ek—ek—ek's—ek's—ek's 'n vrou, ek—ek sny my hare, maar ek weet die Bybel sê om dit nie te doen nie, moenie—moenie, nee, moenie dit vir my sê nie," sien: "Ek dra manikuur," of wat hulle ook al daardie goed noem wat jy op jou gesig sit, "Ek weet vroue doen dit nie, nie veronderstel om dit te doen nie, die Bybel het gesê hulle behoort nie, maar nou, maar moet my nou nie daarvan vertel nie," voor jy jou kom kry, is Hy weer reg by die deur uit, en jy's in dieselfde toestand wat jy was voor Hy by die deur ingekom het, Hy is nie welkom nie.

59 "Nou, moenie vir my sê dat dit my gaan seermaak om nou en dan na 'n dansie toe te gaan nie. En die Joneses en ons almal kom oor, het net 'n paar bottels bier en 'n sosiale drankie op Kersdag, ensovoorts, nou, moenie daarmee begin lol nie." Sien? Hy loop reguit by die deur uit. Dis waarom ons die probleem het in die

kerke wat ons het, is omdat ons . . . Jesus, hulle Hom aanvaar as Verlosser . . .

60 Net onlangs toe die groot, beroemde prediker, Billy Graham, en ons paaie het baikeer oorsee gekruis, wat dieselfde stadion geneem het, maar ek het nooit die voorreg gehad om sy hand te skud totdat hy na Louisville, Kentucky toe gekom het nie.

61 En Dr. Mordecai F. Ham, wat 'n boesemvriend van my is, 'n ou, Baptiste predikervriend, dat ons saam geassosieer het vandat ek 'n klein seuntjie was, Billy, is een van sy bekeerlinge tot Christus, so ek het ontbyt geëet saam met Mordecai Ham, en—en Billy het gekom nadat hy gepraat het en die predikers oor die kole gehaal vir omtrent 'n halfuur, en hulle vertel hoe lui hulle was, en nie uitgegaan en gewerk, en hulle voete op die tafel gesit, of, op hulle lessenaar, ensovoorts, en hy het hulle 'n ware, goeie ou Evangelie pakslae gegee. En ek is toe voorgestel aan Billy Graham, 'n wonderlike man, 'n groot dienskneg van Christus.

62 En Billy het die Bybel geneem, en hy het so gesê, hy het gesê: "Hier is die voorbeeld van Christelikheid: Paulus het in 'n stad ingegaan en een bekeerling gehad, volgende jaar wanneer hy terugkom, het daardie bekeerling dertig gewen." Gesê: "Ek gaan in 'n stad in en kry twintigduisend bekeerlinge, kom 'n jaar later terug en kan nie twintig kry nie." Sê: "Wat het gebeur?" Hy het dit op die predikers gelê.

63 Ek het gedink: "Mnr. Graham, jy het jou eie kategorie waarin jy werk, gesalf soos Johannes die Doper was, geen wonderwerke gedoen behalwe om die Evangelie te verkondig nie." Na Johannes het Christus gevolg, nie 'n magtige Prediker nie, maar groot tekens en wonders, Christus het nooit die skares getrek wat Johannes het nie. Maar ek het gedink aan daardie gees op hom, wat beweeg het soos dit het met Johannes.

64 Ek het gedink: "Hier's waar dit is, meneer: Julle sien, onder die emosie van die groot skares, en die mense kom in en aanvaar Christus, maar hulle wil Hom nie die voorrang in hulle hart laat hê nie, hulle het Hom weer weggewys: 'Moenie nou met my privaat lewe lol nie.'"

65 Wanneer die Heilige Gees sê dis verkeerd vir jou om *so-en-so* te maak, o, jy wil nie daarmee lol nie, sien, "Nee, meneer! As dit gaan inmeng met my en die Joneses, wel dan, wil ek niks daarmee te doen hê nie, dit moet fanatisme wees." En jy sal uiteindelik wegdryf in een of ander groot, koue lykshuis, of iets, en dis hoe jy dit kry.

66 Nou, nou, dis wat plaasvind. En Jesus is nie welkom as Hy nie in jou privaat lewe kan inkom nie. As Christus nie Beheerder, Here oor jou hele wese kan wees nie, dan beteken Hy niks vir jou nie.

67 Dan is daar nog 'n deurtjie van *Trots*. O, dit is beslis 'n groot deur in die menslike hart in hierdie twintigste eeu, mense wil

voel asof hulle net *iemand* is. Ek wil net hê julle moet 'n oomblik stop en analise neem: Wie is jy, in elk geval? Dink jy die wêreld sou ophou draai as jy vanaand sou sterf? Dink jy dit sou God bekommer, of die Engele, of sovoorts? Miskien binne twee dae van nou af, as jy 'n baie belangrike man is, sou jy nooit weer bekend wees nie, net onder jou familie.

68 Hier nie lank gelede nie, het ek gestaan by . . . Ek hou van kuns, en ek hou daarvan om te sien waar die beeldhouers groot kunstenaarwerk, en skilderye, ensovoorts gemaak het. En ek was by 'n sekere museum in Tennessee, en daar het twee jong mans daar gestaan en kyk na 'n—'n koerant wat gelê het met klein doop goedjies, materieel, en een van die seuns het daarna gekyk, en hy het omgedraai, gesê: "Kom hier, John, en kyk hierna."

69 Ek het oor die seun se skouer gekyk, gelees, en dit het die ontleding van 'n manlike gegee, wat kosbaarder in gewig is, ensovoorts, as die vroulike. En 'n man wat eenhonderd-en-vyftig pond weeg, weet julle wat is hy werd? Vier-en-tagtig sent. En dan sal jy 'n honderd-dollar pak en 'n vyftig-dollar hoed opsit op jou vier-en-tagtig sent.

70 En party van julle vroue sal 'n vyfhonderd-dollar pelsjas neem en kerk toe gaan op Paasoggend met 'n sekere hoedjie wat opsteek, met jou neus in die lug op, as dit sou reën, sou dit jou verdrink, en wat is jy dan werd? Vier-en-tagtig sent. Maar, o, julle dink julle is mooi. Maar onthou daar sal 'n dag kom! Jy mag mooi wees, maar jy sal niks anders wees as die velwurms wat in-en-uit daardie vlees kruip nie; en miskien teen hierdie tyd volgende week sal dit dit doen. Weet julle wat ek bedoel?

71 O, jy sê: "Mnr. Branham, ek's 'n amptenaar hier in die stad."

72 Iemand anders sal jou plek inneem, en jy sal vergeet word wanneer die wurms jou opvreet.

73 En hierdie sekere seun het vir die ander gesê, hy het gesê: "John, ons is nie veel werd nie, is ons?"

Gesê: "Lyk nie of ons is nie. Ons sou 'n honderd-en-vyftig pond moes weeg om vier-en-tagtig sent werd te wees." So hulle het daar gestaan.

74 En ek het hulle op die skouer getik, ek het gesê: "Kêrels, verskoon my net 'n oomblik." Ek het gesê: "Ek het ook daarna gekyk, want ek's verstom." Ek het gesê: "Ek's onder 'n honderd-en-vyftig pond." Maar ek het gesê: "Daar's net een ding wat ek vir julle wil sê, dis hierdie: Jy mag nie eens vier-en-tagtig sent werd wees in chemikalieë van jou liggaam nie, net genoeg, o, kalk om 'n hen se nes te besprinkel, en 'n bietjie kalium, ensovoorts, jy mag dalk nie vier-en-tagtig sent werd wees nie, maar jy het 'n siel in jou wat tienmiljoen wêrelde werd is."

75 As jy na 'n restourant toe gegaan het en 'n bak sop gekry het, daar was 'n spinnekop daarin, o, goeiste, hoe jy dit sou teruggooi,

en jou gesig rooi word, en jy sou die eienaar roep, sê: "Wil jy my vergiftig? 'n Spinnekop in jou sop! Ek sal nooit weer hier eet nie!" jou servet op die tafel neergooi en uitstap, opgeblaas soos 'n groot opgeblase padda wat bokhael eet. Dan sou jy . . . Maar jy dink jy's *iemand*.

76 Maar dan kan die duiwel enige soort ou, dooie godsdiens in jou keel afdruk, wanneer daardie siel wat tienmiljoen dollar werd is, en jy ontvang dit. Wat is jy, in elk geval? Wie is jy? Waar het jy vandaan gekom? En waarheen gaan jy? Al die digters en al die res, ons het geen boek wat dit sê nie, behalwe die Bybel. Dit sê wie jy is, waar jy vandaan kom, wat jy is, en waarnatoe jy gaan, Dis God se Spieël. Julle behoort nou en dan Daarin te kyk, in plaas van soveel geloofsbelydenisse, ensovoorts.

77 Ja, Jesus wil by daardie deur van jou trots inkom.

78 Nou, julle gaan nie van my hou, julle vroue, hierna nie, maar hierdie mag ons laaste ontmoeting wees. Dit was altyd in die Baptiste kerk, die ou Suidelike Baptiste, die een waaruit ek gekom het, nou, julle noordelike Baptiste, ek weet nie van julle nie, maar ek sê julle, die ou Suidelike Baptiste, ons het nie opgestap met 'n droë-oog belydenis nie, gaan agter in die kamer in, en sit ons naam op die boek, ons sou afgaan na die altaar, en bid, en mekaar op die rug klop tot ons deurkom. Dis wat julle weer nodig het. Ons het iets gehad, ons het Christus gevind.

79 Dit was nege-en-twintig jaar gelede vir my, en ek het agt-en-twintig jaar gepreek; Hy word liefliker elke dag. Dis iets wat gebeur. En wanneer Christus in jou privaat lewe inkom, verander Hy jou hele lewe.

80 En dit was altyd verkeerd vir ons Baptiste vroue om hulle hare te sny, en manikuur te dra, of, die goed wat jy op jou gesig sit. Ek weet ek sê dit verkeerd, maar wat dit ook al is, verf, daardie, Dis verkeerd. En vandag . . .

81 'n Ou Metodiste prediker het altyd 'n lied gesing, Broer Kelly, hy en Suster Kelly, hulle sou sê:

> Ons het die standaarde laat sak, ons het die standaarde laat sak,
> Ons het toegegee met sonde.
> Ons het die standaarde laat sak, die skape het uitgekom,
> Maar hoe het die bokke ingekom?

82 Jy het die standaarde laat sak; dis maklik. Dis omdat die preekstoel swak geword het en sy gemeente 'n etekaartjie is, in plaas van 'n opdrag van God.

83 Luister, dames, hierdie is nie 'n grap nie, en hierdie is geen plek om grappe te maak nie, maar ek wil vir julle iets sê: Daar was net een vrou in die Bybel wat ooit haar gesig geverf het en

dit was Isébel, God het haar vir die honde gevoer. So, sien julle wat God dink van vroue wat dit doen?

84 Nou, jy sê: "Wag 'n bietjie, Prediker!"

Daar het julle dit. Jy wil nie daardie deur oopmaak nie, wil jy?

"Dit het niks daarmee te doen nie!"

Die Bybel sê dit doen dit, maar jy wil nie daardie deur oophê nie, jy wil nie hê Christus moet inkom nie.

85 Die Bybel sê dat as 'n vrou haar hare sny, 'n krul, haar man 'n reg het om van haar te skei en haar weg te stuur, die Bybel het so gesê, sy onteer haar man, en 'n oneerbare vrou behoort nie mee saamgeleef te word nie.

86 O, jy sê: "Ek's net so rein soos 'n lelie."

Dit mag waar wees, suster, dis omdat die prediker jou nooit daarvan vertel het nie, of jou koppige wil, wat God nie wil laat inkom nie; miskien het dit nie in die prediker se hart ingekom nie.

87 Ek weet dis rof, ek bedoel nie om julle seer te maak nie, maar ons kan nie meer die Evangelie met wit handskoene aan hanteer nie, jy moet jou handskoene uittrek en die waarheid vertel, dis wat mense kortkom. In hierdie hele moderne dag wanneer julle vroue julle meisies toelaat, en selfs jy, ouma, gaan uit op die straat met daardie ou, goddelose kleertjies aan, en noem julleself Christene?

88 "O," sê jy: "ek dra nie kortbroek nie, ek dra langbroek."

89 Dis erger. Die Bybel het gesê dat 'n vrou wat enige kledingstuk sal aantrek wat aan 'n man behoort, dis 'n gruwel in die oë van God. Klein ou kleertjies! Ek en Mev. Vayle, en Mnr. Vayle, het in die straat afgegaan, en hulle het 'n standbeeld gehad wat in die venster staan, gelyk soos 'n sak oor 'n vrou getrek. En dit was so . . .

90 En laat ek vir julle iets vra: Besef jy dit, my suster? dat as jy so aantrek, mag jy rein wees teenoor jou man, en jy meisie, jy mag rein wees teenoor jou kêrel, jy gaan op die Oordeelsdag rekenskap gee vir egbreuk. Jesus het gesê: "Wie ook al na 'n vrou kyk om haar te begeer, het alreeds owerspel met haar gepleeg in sy hart."

91 Maak nie saak hoe rein en skoon jy lewe nie, as jy jouself so voorstel aan 'n man op straat, gaan God jou laat antwoord vir owerspel pleeg. Jy het jouself daarbuite geplaas vir daardie sondaar om na te kyk, jy is skuldig aan 'n owerspel.

92 "O," sê jy: "Broer Branham, dis die enigste soort klere wat hulle verkoop."

Wel, hulle verkoop steeds naaimasjiene en hulle het materiaal.

93 "Nou," sê jy: "Broer Branham, jy slaan regtig ons vroue."

94 Goed, hier is julle mans: Enige man wat sy vrou sigarette sal laat rook en sulke klere dra, dit wys waarvan hy gemaak is, hy's nie veel man aan hom, 'n man wat dit sou doen nie. God gee ons outydse, wedergebore, heilige, goddelike huise! Jeugmisdaad sou nie meer wees nie; dis nie jeugmisdaad nie, dis ouermisdaad. Hulle het die ou houtskuur en die groot okkertak wat by die deur hang, dis dissipline in ons huis. Goed.

95 Julle sê: "Nou, Broer Branham, ek. . . ons moenie daardie soort goed hoor nie."

96 Jy moet dit hoor! Dis reg. Jy laat God nie in daardie privaat lewe nie. Jy sal Hom nie in daardie selletjie van jou aan die binnekant toelaat nie.

97 "Nou, moet my nie sê wat ek moet aantrek, wat ek moet dra nie. Moet my nie sê hoe ek moet optree nie. En as ek 'n sigaret wil rook, hang dit van my af."

Gaan voort: "As jy die wêreld liefhet of die dinge van die wêreld, is die liefde van God nie eens in jou nie," sê die Skrif.

98 Nou, dis die klein, privaat deurtjies. Laat ons gou maak, sommer gou by 'n ander deur uitkom, ek wil daaroor praat, en dis die deur van *Geloof*. Die rede waarom ons nie meer wonderwerke kan hê, soos daar onder die mense behoort te wees nie, hoekom? Is omdat die deur van *Geloof* toegemaak is.

99 Nou, sê jy: "Ek gaan kerk toe, Here, ek het U aanvaar as my Verlosser, maar ek glo dat die dae van wonderwerke verby is."

100 Hoe kan God in so 'n hart werk? Jy het jou besluit gemaak, jy gaan doen wat jy wil doen, God kan jou niks sê nie. Dan as Hy dit nie kan doen nie, hoe kan Hy jou geloof gee? Waarom laat jy Hom nie net in die deur staan nie? En elke Woord wat Hy in die Skrif sê, sê jy: "Amen," daarop, en aanvaar dit; dis wat plaasvind wanneer Jesus in die deur van *Geloof* staan.

101 Dan sê dit, nog iets hierbinne, jy het 'n—'n deur tot jou oë, en, o, dis 'n groot deur, 'n deur tot jou oë. Julle weet, ons sien dinge, ons Amerikaanse mense is bederf, God het vir ons groot herlewings gestuur, en groot dinge, en groot gawes, en dit het alledaags vir ons geword.

102 'n Tyd gelede, het 'n man afgegaan see toe om 'n ruskansie te neem, hy wou die soutwater ruik, en die meeue hoor skree, die yslike groot, pragtige golwe wat rol, en—en die witkappe op die blou see soos dit die lug daarin afgetrek het. En hy het gedink dit sou opwindend wees, hy het dit nog nooit tevore gesien nie. En op sy pad soontoe het hy 'n sekere matroos ontmoet wat gekom het, hy het gesê: "Waarheen gaan jy, my goeie man?"

Hy het gesê: "Onder na die strand toe om te rus, dat my siel verkwik sal word, wanneer ek die groot soutwater kan sien, die golwe hoor brul, en die meeue, ensovoorts."

"Wel," het hy gesê: "ek is gebore op die see, daar's niks opwindends daaraan nie." Hy het dit net soveel gesien dat dit nie opwindend was vir hom nie.

103 Dis hoe dit is met baie dinge met julle volle Evangelie mense, julle het God dinge sien doen, en wonderwerke, en werk onder julle totdat dit alledaags geword het, dit—dit maak jou nie meer opgewonde nie, die Teenwoordigheid van die Heilige Gees gee nie—gee nie 'n vreugde en 'n groot ywer om te gaan nie. Hoekom? Dis in die Laodicése Kerkeeu, louwarm, dis die dag waarin ons lewe, dis die dag wat Christus gesê het, "Ek staan en klop." [Broer Branham klop op die preekstoel—Red.]

104 Nou, let op, soos ons afsluit en die gebedsry gaan begin, net hierdie ter afsluiting: Hy staan en klop, Hy wil by die deur van jou trots inkom, die deur van jou privaat lewe, Hy wil by die deur van jou geloof inkom sodat Hy jou Hom kan laat glo, Hy wil daar inkom en die prediker by jou deur uitkry. As die prediker in die deur staan, dan kan Christus nie daar staan nie, jy luister na wat die prediker sê. Luister na wat God sê!

105 Of as die denominasie in jou pad kom, enigiets wat in die pad is, vee dit weg, en sê: "Kom in, Here Jesus, ek verwelkom U, U klop aan my deur. U het ingekom, ek wil hê U moet met my praat soos ek U Woord lees. Gee my geloof om Dit te glo, Here, nie wat enigiemand anders sê nie. As hulle sê die dae van wonderwerke is verby . . . As U sê Hulle is steeds dieselfde gister, vandag, en tot in ewigheid, glo ek U." Daar het julle dit.

106 Dan julle oë, julle weet die Bybel het hier gesê dat julle is . . . vandag, 'n baie mooi prentjie van die Kerk, "Want jy sê: 'Ek is ryk en het verryk geword,'" die grootste kerke wat ons ooit gehad het, die bes-opgeleide predikers wat ons ooit gehad het, "'verryk geword, en aan niks gebrek nie,' weet jy nie," jy weet dit nie, "dat jy nakend, ellendig, arm, blind is, en dit nie weet nie."

107 As 'n man op straat, kan julle julle voorstel, julle mense, om iemand op die straat te sien wat in die straat afgeloop het net so roekeloos as wat hulle kon wees, en hulle was naak, en arm, en blind, en beklaenswaardig, en in oneer? En jy sou na hom toe loop en sê: "Meneer, net 'n oomblik! Hier, jy—jy besef nie jy's blind nie, jy besef nie . . . "

"Gaan weg, ek weet net waar ek is, en hou jou mond toe!" Daar is iets verkeerd met daardie persoon, hulle is verstandelik verkeerd.

108 Hier nou die dag 'n vrou in Louisville, het sy haar seuntjie na die plekke toe geneem, en die toonbanke van die tien-sent winkels, en sy het gesê: "Kyk, Skat!" Die kêreltjie het gesit en staar. En sy het hom na 'n ander toonbank toe geneem, sy het gesê: "Kyk, Skat!" En hy het net gestaar. En die mense het haar begin dophou. En uiteindelik het sy 'n klein dingetjie opgetel wat

'n geraas gemaak het, sy het gesê: "Kyk, Skat!" En die kêreltjie het net gestaar. En sy het oor die toonbank geval, aan die skree.

En die mense het kom uitvind of hulle haar kon vertroos, gesê: "Wat makeer?"

Gesê: "Hy's 'n klein mensie." Gesê: "Hy's die—hy's die nageslag van ons eenwording, ek en die man." En gesê: "Hy het 'n punt bereik waar hy nie eens dinge wil oplet wat by mense hoort nie, sy verstand verwar geraak, en hy staar net."

109 As dit nie 'n toestand van die kerk vandag is nie! God wat Billy Grahams wys, Oral Roberts, groot tekens en wonders, en die kerk sê: "Dis nie my denominasie nie," staar net, het geestelik kranksinnig geword, staar net: "O, *hierdie* is my kerk." Dis nie die tekens wat die gelowige volg nie. Hulle luister na hulle kerk en vergeet die Gees van God wat jou soos Christus laat optree, wat jou Hom laat liefhê en Hom glo. Maar wat het gebeur? Hulle oë is verblind. Hulle kan nie . . .

110 Jy sê: "Ek het 20/20."

Maar, julle sien, die blindheid waarvan Hy praat, is geestelike blindheid.

111 'n Kêrel het 'n tyd gelede vir my gesê van 'n sekere kerk wat dit nie glo nie . . . hulle sê hulle praat waar die Bybel praat, en swyg waar Dit swyg. En ek het gesê: "Wel, meneer, wat van 'n sekere . . . ?"

Hy het gesê: "Ek gee nie om wat jy sou sê nie, Mnr. Branham, ek glo dit nie."

112 Ek het gesê: "Dit is nie vir ongelowiges gemaak nie, dit is nie vir ongelowiges gestuur nie, dit is gestuur vir hulle wat glo. Jy's 'n ongelowige, en watter jammerlike toestand is jy, dat die duiwel jou verblind het!"

Hy het vir my gesê, gesê: "Slaan my dan met blindheid."

Ek het gesê: "Jy's alreeds blind, meneer."

Hy het gesê: "My sig is volmaak."

Ek het gesê: "Maar jou geestelike sig."

Hy het gesê: "O, blindheid beteken julle gewone oë."

113 Ek het gesê: "Wat van Elisa onder by Dotan, daardie dag toe hulle daardie oggend wakker geword het, en die Siriërs omsingel het, die leër die stad omsingel het om in te kom en Elisa te kry, omdat hy hulle geheime vertel het, ensovoorts? En hulle het hom gehaat.

"En Gehási het wakker geword, en gesê: 'O, my vader,' hy het gesê: 'kyk hier, die Siriërs het die hele stad omsingel, en ons is in die middel van hulle.'

"En Elisa, daardie ou profeet, het opgestaan, sy oë gevryf, hy het gesê: 'Maar daar's meer by ons as wat daar by hulle is.'

"Gehási het rondgekyk, hy het gesê: 'Ek—ek—ek sien niks, niemand behalwe net ek en jy nie.'

"Hy het gesê: 'God, maak hierdie seun se oë oop.' En toe sy oë oopgegaan het, het daar om daardie ou profeet Engele van Vuur en Vuurwaens gestaan by die miljoene. Sien, Gehási was blind.

"En toe het hy gesê: 'Kom, gaan saam met my.'" Hy het uitgestap na die leërowerste, en hy het gesê, sy hand opgesteek toe hy na die poort toe gegaan het, en gesê: 'Here, slaan hulle met blindheid.' En hy het uitgestap na die hoofkaptein toe, gesê: 'Soek julle na Elisa?'

"Hy het gesê: 'Ja, meneer, ons doen.'

"Gesê: 'Kom, volg my, ek sal jou na hom neem.'

114 "Blind en reguit na hom gekyk, blind om Elisa te sien."

115 Dis wat dit vanaand is, die kerk, God, wees genadig, hulle is blind, hulle weet nie dat Jesus Christus vandag hier op aarde, dieselfde is as wat Hy gister was en tot in ewigheid sal wees nie. Hulle is geestelik blind, hulle weet nie dat die—die duiwel hulle verblind het nie.

116 Die Bybel het gesê Jesus het soveel dinge gedoen, hulle het Hom Beëlsebub genoem, ensovoorts, want hulle, die profeet het gesê: "Hulle het oë, maar hulle kan nie sien nie." En die Skrif hier, Jesus wat praat, het gesê die kerk sou in daardie toestand wees in die laaste dae. Ek wens mense sou dit kry.

117 Julle het goeie kerke, julle het slim manne, julle het baie geld, en goed aangetrek, maar julle is blind, nakend. Daar's skaars enige Bloed, geen heiligmakende genade op julle nie. Lewe in die wêreld, as jy—as jy geheilig is deur die Gees van God (ek glo in heiligheid, Sy heiligheid.), sou jy anders optree, anders lewe as wat mense vandag doen. Ek praat miskien nie van, net—net die individue wat hier sit, jy weet wie . . . waar dit tref, en waar dit nie is nie, ek is net verantwoordelik om dit te vertel. Blind!

118 Toe ek 'n klein seuntjie onder in Kentucky was waar ek gebore is, het ons 'n klein ou hutjie gehad, geen vloer daarin nie, en 'n stomp vir 'n tafel, en—en 'n ou reling het langsaan gestaan, en 'n klomp mielieblare wat daar lê waar Pappa en Mamma geslaap het, 'n ou mieliestronk matras en mielieblaarkussing, somertyd het hulle strooi geneem wanneer ons dit kon kry, die strooibeddens gemaak.

119 En ons klein kinders het bo geslaap in net 'n klein, twee klein takkies, boompies met klein houtstokkies daaroor, ons sou opgaan en gaan slaap, net 'n blaarmatras wat daar lê, en ons sou opklim, en—en die ou houtdakteëls wat krimp, en yslike groot gate in hulle. Mamma het altyd 'n stuk seil oor ons gesit om te keer dat ons nat word wanneer dit sou reën.

120 En ek onthou, ook, dat die trek daardeur in die nag koue in ons oë sou kry, en ons—ons . . . Mamma het dit sug genoem. Hulle

klein . . . ons ou ogies sou aanmekaar plak. En sy het gesê . . . Die koue wind het dit gedoen, deur die gebou getrek. En in die aand wanneer sy, of, oggend wanneer sy ons sou roep, sou sy sê: "Billy . . . ? . . . kom af, bring vir Edgar saam met jou, sodat hy nie val as hy by die trappe afkom nie."

Ek sou probeer om my oë oop te maak, ek sou sê: "Mamma, ek kan nie sien nie."

121 Nou, Oupa was 'n—'n strikjagter, 'n jagter. En hy sou sê . . . Hy sou wasbere vang, wasbere, en hy sou die vet daarvan afhaal, en genoem wasbeervet maak. En Mamma sou dit op die ou stofie sit en dit warm maak, en sy sou ons oë vryf en dit masseer met hierdie wasbeervet, sodat die koue uit ons oë sou uitgaan en ons kon sien. Toe nadat die wasbeervet aangewend is, warm wasbeervet, totdat ons oë al die sug uit hulle uitgehaal het, Sy sou hulle uitvee, en dan kon ons sien waarheen ons gaan.

122 En daar het 'n geestelike trek deur die kerk gekom in Amerika, en hulle het 'n geestelike koue gekry, en hulle oë is aanmekaar geplak. Jesus het gesê: "Ek raai jou aan en koop oogsalf, dat jy jou oë kan salf." Broer, wasbeervet mag werk vir die letterlike liggaam, maar dit sal meer as wasbeervet kos om vir jou geestelike oë te werk, dit sal 'n outydse, God-gestuurde doop van die Heilige Gees neem, die Olie van God se Gees, om die oë oop te maak wat gevang is in hierdie trek van sosiologie, o, of allerhande soorte teologieë, en alles, net so vermeng in so 'n konglomerasie met allerhande soorte grappe, en aanganery, en onsin, en losbandige lewe, en net baai in sonde.

123 Die nasie is so bevolk, en sonde het ingekom, en dit het ons mense gevang, was altyd die vulgêre was in Parys, ons moes oorkant na Parys toe gaan om ons—ons—ons moderne rokke vir vroue te kry, ons het so vuil en laag gedaal dat Parys hiernatoe moet kom en hulle modellering van ons moet kry. Wat 'n skande! En jy breek moederskap, jy het die ruggraat van enige volk gebreek. Soos hulle ruk-en-rol het, totdat selfs die polisiemanne nie in vrede op die straat kan wees nie, tiener opstande, messteek en al dies meer. Dis omdat die geestelike trek deurgekom het, die huislewe afgebreek het.

124 Wat is dit vandag? Dis 'n moderne kerklidmaat. Pa is onder in die, iewers besig om 'n dek te speel van . . . 'n speletjie poker, mamma is uit iewers by sommige van haar verenigings, en—en sus is oorkant by die kroeg, en by 'n ruk-en-rol partytjie, en junior het sy renmotor buite iewers, die Kerk sit leeg. Dis hoe die moderne kerk vandag is. Geen wonder Jesus het gesê nie: "Ek sal julle uit My mond spuug."

125 As hulle daardie deure van *Trots* sou oopmaak, en *Selfsugtigheid*, en *Onverskilligheid*, en die deur van *Geloof*, en hulle . . . laat God 'n bietjie salf aan hulle oë sit en hulle oë oopmaak, sou hulle sien dat Hy dieselfde bly gister, en vandag,

en tot in ewigheid, sou hulle Sy goedheid sien. Maar dis so 'n jammerte. Dis waarom, mense, dis so moeilik om hulle in die kerk te kry.

126 Reg hierbo in jou eie staat, 'n bietjie hierbo, het ek altyd saam met 'n vriend van my gejag, hy was 'n goeie man. Maar die kerk, die mense op die straat soek om iets egs te sien. En hierdie kêrel, hy was 'n goeie jagter, en hy . . . Ek het altyd saam met hom gaan jag, maar hy was die wreedste man wat ek ooit ontmoet het. En hy—hy het altyd vir my gesê . . . Hy sou klein hertekalfies skiet wanneer ons sou gaan jag, net om gemeen te wees.

127 En dis in die haak om 'n boklammetjie te skiet as die wet—wet so sê, maar—maar—maar moet hulle nie net doodmaak om gemeen te wees nie. Ek's 'n bewaarder, ek was 'n wildbewaarder vir jare, en ek glo nie daarin om daardie dinge soos daardie te vernietig, om klein voëltjies vir 'n teiken te skiet nie, dis verkeerd, dis sonde om dit te doen. En hier, as jy 'n teiken wil hê, gaan na die skietbaan. Moet dit nie doodmaak tensy jy dit eet nie. Maar net om gemeen te wees!

128 En een jaar het ek opgegaan om saam met hom te jag, en hy het 'n fluitjie gemaak, en hy kon daardie fluitjie blaas, en net soos 'n klein hertekalfie klink, klein, baba takbokkie wat huil. En ek het gesê: "Bert, jy gaan dit nie gebruik nie."

"O," het hy gesê: "Billy, ruk jou reg, jy's net 'n lafhartige prediker."

En ek het gesê: "Moet dit nie doen nie."

129 Wel, ons het gaan jag daardie dag, en daar het 'n bietjie sneeu gekom, en ons het spoorgesny, en ons het nie eers 'n spoor gesien nie, dit was omtrent middag, so hy het gaan sit. Hy het sy hand *hier* onderin ingesteek, reg by 'n oopte, ek het gedink hy gaan 'n toebroodjie kry om te eet, en hy het hierdie fluitjie uitgehaal. Ek het gedink: "O, jy gaan dit nie doen nie, Bert!"

130 En hy het hierdie fluitjie geneem, en hy het gehuil soos die klein, baba takbokkie, en toe hy het, het ek opgelet net oorkant die pad, het 'n yslike groot, moeder-ooi opgestaan, en sy het rondgekyk. Ek kon haar groot, bruin oë sien, en daardie groot are. Sy was 'n moeder. Nou, dis ongewoon in die jagseisoen vir 'n takbok om uit daardie bosse uit op te staan. Sy bly ingebed, veral rondom elfuur in die dag, rus sy.

131 Maar daar het 'n baba gehuil, dit was iets in haar, sy was 'n moeder, die baba was in die moeilikheid, sy het begin kyk. En ek het vir Bert gesien met daardie akkedisagtige oë, wat na my gekyk het, soort van Satan glimlag, hy het die hefboom agter die bout getrek en daardie koeël in die slot van die .30-06 gegooi, en hy was 'n dodelike skut. Ek het my kop gedraai, ek het gedink: "O, goeiste!"

132 En hy het weer die fluitjie geblaas, en die takbokooi het reguit in die oopte uitgestap, heeltemal ongewoon. En sy het die jagter raakgesien, sy het geskrik, of ons noem dit so, het net vir 'n oomblik geskrik, maar sy het nie gehardloop nie. Wat was die probleem? Sy was 'n moeder, sy het nie net gespeel nie, kerk, sy het nie getrouheid gespeel nie, sy het iets in haar gehad, sy was 'n gebore moeder, iets egs.

133 En die jagter het sy geweer aangelê, hy het daardie kruishaar regoor daardie getroue, moederhart van haar gesit. Ek het gedink: "O God, binne 'n oomblik sal hy haar kosbare koninklike hart regdeur albei kante van haar skiet, met daardie groot honderd-en-tagtig grein sampioenkoeël, dit sal die hele hart skoon uit haar haal. Hoe kon hy so brutaal wees om daardie kosbare moeder dood te maak, wat daar staan en iets egs wys: moeder se liefde?"

134 En ek het my kop gedraai, ek kon dit nie aanskou nie, en ek— ek het gedink: "O God, moenie dat hy dit doen nie!" En ek het geluister om enige oomblik die dreun van die geweer te hoor, en dit sou haar omtrent tien voet geblaas het, so naby aan haar. Ek het gedink dat: "Haar arme hart sal uit haar geblaas word. Maar sy's so getrou!"

135 En ek het opgelet die geweer het nie gevuur nie, en ek het omgedraai om te kyk, en die geweerloop het gebewe soos *hierdie*. Hy het omgekyk, en die trane het teen sy wange afgeloop, hy het die geweer op die grond gegooi, hy het my aan die broekspyp gegryp, hy het gesê: "Billy, ek het genoeg daarvan gehad," hy het gesê: "lei my na daardie Jesus waarvan jy praat." Daar op daardie sneeuwal, het ek daardie wreedaardige man na Christus toe gelei. Hoekom? Want iets het iets egs gehad om te vertoon.

136 Jesus het gesê: "Julle is die sout van die aarde," maar die sout het sy geur verloor, julle is net kerklidmate. Sy het iets egs gehad, en daardie jagter het gesoek na iets egs, en hy het die lojaliteit van 'n moeder vertoon gesien, nie 'n skynheilige nie, nie 'n aansit nie, maar iets egs. O, wil jy nie so eg wees vir Christus soos daardie nie? Hy klop aan jou hart.

137 Kom ons buig ons hoofde net 'n oomblik vir gebed. Voor ons bid, wil ek julle graag hierdie vraag vra, met julle hoofde gebuig asseblief: Hoeveel hierbinne wil net graag sê: "God, alhoewel ek aan die kerk mag behoort," en miskien wil jy nie, maar jy wil regtig eg wees, en jy het gesê: "o, ek wil 'n ware Christen wees," en jy sê: "God, gee my die egtheid om Jesus, U Seun, my Verlosser, te vertoon, gee my 'n ware ondervinding, en sit iets so eg binne-in my soos die liefde van daardie ma takbok was vir haar baba takbokkie"? Sal julle net julle hande opsteek en sê: "Onthou my, God"?

138 God seën julle, oral rondom. God seën julle, nog steeds. Daar's twintig of dertig hande op. Op die balkon, steek jou

hand op. God seën jou, dame. Iemand anders wat nie het nie . . . God seën jou, meneer. God seën jou hier oorkant, meneer, jy daaragter, onder deur die middelpaadjie, oorkant aan my linkerkant. God seën jou, jongman wat daar sit. God seën jou, jongkêrel. Dis baie goed.

139 Wat doen jy wanneer jy jou hand opsteek? Sien, jy—jy verbreek die wette van swaartekrag. Die wetenskap sê gewoonlik moet jou arms afhang; swaartekrag sal jou onder hou. Maar wat is die probleem? Jou gees binne-in jou, en 'n Gees is nou reg voor jou deur.

140 "Niemand kan na My toe kom, tensy My Vader hom eers trek nie." En wanneer God daar staan, Ewige Lewe, sê: "Kind, jy's skuldig, maak jou besluit vanaand en dien My." Dan daag jy die wette van die natuur uit, jy daag die wette van swaartekrag uit, jy steek jou hande op na jou Skepper, jy het 'n besluit geneem, en dit wys daar's 'n gees in jou, 'n lewe wat dit kan doen, dis wat dit doen. Jy dit regtig uit jou hart uit bedoel, sal God dit wat jy begeer vir jou gee.

141 Sou daar nog een of twee wees, terwyl ons wag? "Onthou my net, O God." Goed, dis goed, God seën jou, jong kêrel. Dis reg, tiener, dis . . . jy het die grootste ding gemaak wat jy ooit gedoen het, suster, reg by hierdie kruispad van die lewe, jy het iets egs gedoen. Jy mag baie groot dinge gedoen het, maar dis die grootste ding wat jy ooit gedoen het toe jy jou hand opgesteek het.

142 Sou daar nog een wees net voor ons vir jou bid? God seën jou, dame. Dis goed. Dierbare suster, jy's hoog in ouderdom, maar jy mag baie groot dinge gedoen het. Miskien het daardie hand daar 'n wiegie gewieg, miskien die trane van 'n klein, huilende babatjie se oë afgevee, maar die grootste ding wat jy ooit gedoen het: toe God aan jou hart geklop het, en jy jou hand opgesteek het.

143 Jy ook, jong vrou reg daar agter haar, dis die grootste ding wat jy kan doen toe jy jou hand opgesteek het na Christus: "O God, wees genadig." God seën hierdie jong kêrel hierbo op die balkon.

Kom ons bid.

144 Here God, groot Jehova Skepper, wees genadig, Here. En hierdie klein, gebroke boodskappie vanaand, baie het U ontvang as hulle persoonlike Verlosser, en hulle wil 'n ware ondervinding hê, Here, hulle wil soos Jesus wees. Hulle wil 'n ware liefde in hulle hart hê wat die liefde van God vertoon in die mense waarmee hulle werk en mee assosieer en saam met hulle kerk toe gaan. Hulle wil iets egs hê, wat . . .

145 U het gesê: "Julle is die sout van die aarde." Die sout, as dit kontak maak, maak dit 'n dors. God, maak hulle in so 'n kontak met U, en so sout, as't ware, totdat al hulle bure en met wie hulle

ook al in aanraking kom, sou dors om soos hulle te wees. Skenk dit, Here.

146 Hulle is Uwe, hulle is die trofeë van die boodskap, en U gee hulle vir U Seun as liefdesgawes, en niemand kan hulle uit U hand ruk nie. U het gesê: "Hy wat My Woorde hoor, en glo in Hom wat My gestuur het, het die Ewige Lewe, en sal nooit in die Oordeel kom nie, maar het oorgegaan uit die dood in die Lewe." Skenk dit, Here. Hulle is U s'n.

147 Ek mag dalk nooit in staat wees om daardie kosbare hande te skud wat in die lug opgegaan het nie, maar daardie Dag daar oorkant staan, miskien voor die oggend, wanneer Jesus kom, sal ons staan by Sy Oordeelsbank, O God, U het gesê: "Wanneer Ek die Bloed sien, sal Ek by jou verbygaan," dis die enigste ding wat herken sal word op daardie Dag, so God, dan kan ek hulle hande skud, hulle vir my kan sê dat hulle U ontvang het as hulle Verlosser net hier by hierdie groot diens hier in hierdie groot stad. Skenk dit, Vader. Ek gee hulle nou vir U, dat U hulle in volmaakte vrede sal hou wie se harte op U gevestig is. Want ek vra dit, in Christus se Naam. Amen.

148 Ek wil hê die pianiste, of die orreliste, wat ook al, moet na die klavier toe gaan. Na die boodskap verby is . . . Het julle nie net die Woord van God lief nie? O, laat ons nou net aanbid net vir 'n oomblik. Hou julle nie daarvan om God te aanbid nie? Nou laat ons . . .

149 Hoeveel ken hierdie ou lied: "Ek het Hom lief, ek het Hom lief omdat Hy my eerste liefgehad het"? Dis goed. Gee vir ons 'n akkoord, sal jy, suster? En laat ons net God aanbid, moenie oplet wie nou naby jou sit nie, kyk net op en prys Hom. Nou almal saam:

Ek het Hom lief, ek Hom lief
Omdat Hy my eerste liefgehad het
En my verlossing gekoop het
Op Gólgota's boom.

150 Nou *My Geloof Kyk Op Na U*, sal jy? O, ek hou hiervan! Voel julle nie net die Teenwoordigheid van die Heilige Gees nie? Wel, dis siele wat huis toe kom. Swerwende skape het in die kudde ingekom, dis wat dit gedoen het. Sien?

151 Nou, elkeen van julle wat julle hand opgesteek het, jy vind uit by sommige van die pastore, kry vir jou 'n goeie kerktuiste, gaan kerk toe, as jy nie gedoop is nie, kry die Christendoop. As jy nie die Heilige Gees ontvang het nie, ontvang Dit nou.

152 Almal saam nou, kom nou, baie liefdevol aan die Here:

My geloof kyk op na U,
Van U Lam van Gólgota,
Goddelike Verlosser;
Nou hoor my wyl ek bid,

Neem al my sonde weg,
O laat my van vandag
Net Uwe wees!

153 Hoeveel van julle het Hom lief? Steek net julle hande op soos *hierdie*. Goed. Laat ons daardie hande net 'n oomblik ophou.

Wyl ek lewens donker doolhof bewandel,
En droefheid my omvou,
O, wees U my Gids;
Laat duisternis verander in dag,
Vee droefheid's trane weg,
En laat my nooit afdwaal nie
Van U af weg.

154 Nou met ons hoofde gebuig, laat ons hierdie gebed saam bid:

Onse Vader Wat in die Hemel is, laat U Naam geheilig word.
Laat U Koninkryk kom. Laat U wil geskied, soos in die Hemel net so ook op die aarde.
Gee ons vandag ons daaglikse brood.
En vergewe ons ons skulde, soos ons ook ons skuldenaars vergewe.
En lei ons nie in versoeking nie, maar verlos ons van die bose: Want aan U behoort die Koninkryk, en die krag, en die heerlikheid, tot in ewigheid. Amen.

155 O, ek voel net baie godsdienstig! Dink julle nie Baptiste skree nie? Wel, ek doen. Ek het Hom net lief.

156 Laat ons sien, gebedskaartjies in die honderde, ons het skaars 'n honderd hier. Nou, laat ons. . . Ek gaan nie daardie gebedskaartjies gebruik nie. Jy hoef nie 'n gebedskaartjie te hê nie. Hoeveel weet dat Hy teenwoordig is, glo julle Hy's teenwoordig? Hoeveel glo Hy's dieselfde gister, vandag, en tot in ewigheid? Maak soos *hierdie*.

157 Wel, as Hy is, kan Hy nie nou hiernatoe kom, en my self, en julle self nie, dat dieselfde ding wat Hy gedoen het in die dag van Sy vlees hier op aarde? Hy het belowe: "Die dinge wat Ek doen, sal julle ook doen." Onthou julle die vrou wat Sy kleed aangeraak het, en Hy het gesê: "Jou geloof het jou gesond gemaak"? Onthou julle dit? Onthou julle dit?

158 Wel, is Hy nie dieselfde God vandag nie? En as Hy dieselfde is gister, vandag, en tot in ewigheid, sou God nie op dieselfde manier optree as wat Hy gister, vandag, en tot in ewigheid het nie?

159 Kom ons buig ons hoofde en glo Hom nou net, en bid elkeen, wat ook al op jou hart is, vra jy net vir God om jou genadig te wees.

160 Nou, Here, die diens is U s'n. En ek bid dat U nou genadig sal wees, en U Gees in hierdie gebou sal laat inbeweeg. En skenk, Ewige God, dat almal wat nou siek is, en al die beproewinge, en al die siekte hierdie liewe mense sou verlaat, mag daar nie een wees nie, maar wat genees sal word. U groot Teenwoordigheid en U groot Gees, mag Dit hierdie ding aan ons skenk vanaand, Here.

161 En nou onderwerp die mense hulleself aan U, ek onderwerp myself aan U, en laat U Heilige Gees in ons beweeg om U te eer en te verheerlik. En laat die mense weet dat U dieselfde is gister, vandag, en tot in ewigheid, dat U sommige in die Kerk geplaas het, apostels, profete, leraars, evangeliste, pastore, vir die vervolmaking.

162 Skenk, Here, dat die mense mag hoor, wat U pas ontvang het as hulle persoonlike Verlosser, mag hulle sien, en verstaan, en besef dat U steeds lewe vanaand. Skenk dit, Vader.

163 Dit mag vreemd wees, maar ek glo U sal dit doen: Laat hierdie optrede, soos ons gisteraand gehad het, die vrou by die put, die geheime van haar hart vertel het, mag dit vanaand wees dat die—dat die mans, of, soos Petrus wat gekom het en U geweet het wie hy was, en soos Filippus, het U geweet waar hy was, en soos die vrou wat U kleed aangeraak het, en U omgedraai en gesê het: "Wie het My aangeraak?" en almal van hulle het dit ontken, en U het gesê: "Ek het swak geword," en U het rondgekyk totdat U die vrou gevind het en geweet het wat haar probleem was en vir haar gesê, en haar geloof het haar gered. Skenk dit, Here.

164 As U dit sal doen, sal ons bly wees, en dit sal 'n groot klimaks maak vir die diens vanaand. U was so goed om ons te seën, ons voel net verfris met U Teenwoordigheid. Groot God van die Hemel, skenk dit, deur Jesus' Naam, U Seun. Amen.

165 Nou, ek sê nie dat Hy sal nie, maar as Hy dieselfde is gister, vandag, en tot in ewigheid, dan sal Hy dieselfde optree. Nou, die Bybel het gesê Hy's 'n Hoëpriester wat geraak kan word deur die gevoel van ons swakheid. Is dit wat die Skrif sê? Nou, as Hy aangeraak kan word deur die gevoel van ons swakhede, en Hy's dieselfde gister, vandag, en tot in ewigheid, sou Hy nie dieselfde moes optree as wat Hy het toe Hy hier op aarde was nie?

166 Nou, glo julle net met julle hele hart, en God sal dit skenk. Nou kyk julle net, elkeen van julle is vreemdelinge vir my, ek ken niemand in die gebou nie, behalwe—behalwe Kaptein Stadsklev hier, kapelaan. Almal voor my is 'n vreemdeling. Hierdie seun hier, ek, hierdie opname kêrels, ek ken hulle, agter my is die groep.

167 Hoeveel daarbuite wat regtig siek is en jy wil hê Christus moet jou genees, sê: Ek gee nie om wie jy is nie, steek net jou hand op, sê: "God ek—ek wil hê U moet my genees, ek wil hê U

moet my genees." Wees net eerbiedig, bo in die balkon, waar julle ook al is.

168 En as Hy dieselfde sal optree . . . Nou, Sy Gees, nie dat jy Hom kan sien nie, jy kan Sy werke sien. As Hy dieselfde sal optree as wat Hy het toe Hy hier op aarde was, sal julle Hom almal glo? Die Bybel het gesê: "Twee of drie getuies, laat elke woord bevestig word." Nou bid net.

169 Mag God gee dat Hy sal—Hy sal kom van een kant na die ander. Laat ons hier oorkant begin. Kry iets uit oral hierbinne, as God dit sal doen. Ek sal hierdie kant dophou. En julle mense in hierdie rye bid en glo God. Onthou net, Hy's teenwoordig.

170 Nou hier is dit: Voor my verskyn daar 'n man, hy ly aan 'n breuk, wat net hier sit, Mnr. Shaw. Ek ken jou nie, ken ek, meneer? Jou nog nooit in my lewe gesien nie. Dis reg. Hê geloof. Jy het gebid: "God, laat hom met my praat." As dit reg is, steek jou hand op. Wat het jy aangeraak? Jy het my nooit aangeraak nie, het jy, meneer? Maar jy het die Hoëpriester aangeraak, Hy het terug geantwoord.

171 Iemand anders bid. Hier's 'n man, nog een wat net hier op die punt sit, wat ly aan dieselfde ding, 'n skeur, breuk. Ja, meneer. Ek ken jou nie, ken ek, meneer? Het jou nog nooit in my lewe gesien, sover ek weet nie, jou naam is egter Mnr. Spencer. Dit is reg, is dit nie? Glo jy? Dieselfde Christus?

172 Dame reg agter hom daar met asma, as jy sal glo en jou lewe aan Christus sal oorgee, sal Hy jou daarvan genees. Glo jy Hy sal dit doen? Sal jy jou lewe aan Hom oorgee? Die dame met die klein wit, of, klein, rooi roos op haar hoed. Glo jy Christus met jou hele hart? Sal jy dit doen? Gee jou lewe oor aan Hom en die asmatiese toestand sal jou verlaat, jy sal gesond word. As jy Hom sal aanvaar as jou Verlosser en jou God, sal Hy dit vir jou gee.

173 Ek het jou nog nooit in my lewe gesien nie, jy weet dit. Dis ook donker en lig. Hy wil jou die seën gee, maar aanvaar jy Hom eers. Net 'n bietjie skepties in jou lewe, kom weg daarvan. Glo Hom.

Die jong dame se gebed het dit gedoen.

174 Wat van jou wat hier sit, meneer? Jy het iets verkeerd met jou arm, net hier in die middelste ry. Glo jy God sal jou genees? Jou vrou wat daar sit met diabetes, dink jy dat sy ook genees sou word? Ek ken jou nie, ken ek? Maar dis Christus.

175 Wat raak hierdie mense aan?

176 Hier terloops, hierdie vrou wat hier reg oorkant sit, is verbind met jou iewers, 'n moeder. Dis reg. Julle is almal bymekaar. En jy het artritis. Dis reg, is dit nie, dame? As jy glo, sal God jou gesond maak.

177 Hierdie man wat hier reg agter sit, regs, my reg in die gesig gekyk het, hy wonder of hy Christus kan aanraak. Hy's by jou.

Jy het ’n breuk, meneer. Glo jy dat God jou daarvan sal gesond maak? As jy dit glo, kan jy dit kry.

178 “As julle kan. . . ” Wat van hierbinne, party van julle mense? Hê geloof, glo.

179 Hier, wys julle genade, laat ek genade wys vir julle: Hier sit ’n gekleurde man wat reg hieragter sit met sy hoof gebuig, aan die bid, sy hande onder soos *hierdie*, wat langs ’n wit man sit, dame wat daar langs hom sit, die man ly aan diabetes. As jy glo met jou hele hart, kan jy gesond gemaak word.

180 Sal jy dit saam met hom glo, suster? Sal jy dit glo? Ek ken julle nie almal nie, ken ek? Het julle nog nooit gesien nie, maar dis reg, is dit nie? Steek jou hand op as dit reg is. Sit jou hand oorkant op hom, en hê nou geloof.

181 Sien Wie Hy is? Hy’s steeds dieselfde gister, vandag, en tot in ewigheid.

182 Die man wat hier oorkant sit in hierdie volgende paadjie hier oorkant, jy ly aan iets verkeerd met jou ore, en jy het ook ’n keelprobleem, het jy nie, meneer? Het ’n bril op, dra ’n wit hemp. Dis reg. Jy sit daar en bid, het jy nie? Dis reg. God seën jou. Hê geloof in God.

183 Wat net hier op die voorste ry sit, meneer, met die maagsere, glo jy dat God jou sal gesond maak? Glo jy dit? Jong kêrel wat hier sit met jou hoof gebuig, sê: “God, laat my volgende wees.” Dis reg. Steek jou hand op as dit so is. Goed. Gaan voort, jou maagsere het jou verlaat.

184 Glo julle Hy’s hier? Is dit Christus die heelpad hierrond? Is dit Christus dieselfde gister, vandag, en tot in ewigheid? Hoeveel aanvaar Hom nou, en sê: “Ek weet Hy’s hier”? Sien, ek ken nie julle mense nie, dis julle gees wat dit doen, sien, die Heilige Gees praat met julle.

185 Nou sit julle hande oorkant op mekaar, laat ons bid vir al—al die mense hierbinne.

186 Waar was die babatjie wat ’n paar minute gelede hier gehuil het? Goed. Sit jou hande oorkant op die kind. Goed.

187 Here God, wees genadig net nou, Here, en laat U Gees in hierdie gebou inbeweeg en elke persoon genees wat in Goddelike Teenwoordigheid is. Vanaand het U Uself bewys as God, U is God gister, God vandag, U is nie ’n geskilderde vuur of ’n historiese God nie, U is God wat altyd God was en altyd God sal wees.

188 En Vader, ek bid dat soos U Uself gemanifesteer het deur sondaars te red, en mense genees het wat in ’n plek was waar hulle nie genees kon word nie, dan sien hulle die wonderwerk van die Here Jesus, God, skenk dat elkeen van hulle genees mag word net nou.

189 Satan, beweeg uit hierdie gebou uit en gaan hier uit! Ek beveel jou in Jesus Christus se Naam, laat hierdie mense gaan!

190 Aanvaar julle julle genesing? Steek julle hande op na Hom, sê: "Here, ek glo, ek glo. Alles is moontlik, Here, ek glo."

191 Goed. As jy dit glo met jou hele hart, julle mense wat julle hoofde gebuig het 'n paar minute gelede om Hom as Verlosser te ontvang, buig julle hoof weer net 'n oomblik, elkeen van julle, as julle nou julle hoofde net 'n oomblik sal buig.

192 Broer Sweet, net hier op hierdie oomblik, hoekom lei jy hulle nie in gebed nie? God seën julle.

58-0529 Jesus Voor Die Deur
Heuwelhuis Hoërskool
New Haven, Connecticut V.S.A.

AFRIKAANS

©2026 VGR, ALL RIGHTS RESERVED

VOICE OF GOD RECORDINGS
P.O. BOX 950, JEFFERSONVILLE, INDIANA 47131 U.S.A.
www.branham.org

Kopiereg kennisgewing

Alle regte voorbehou. Hierdie boek mag gedruk word op ‘n tuisrekenaar vir persoonlike gebruik of om uitgegee te word, gratis, as ‘n middle om die Evangelie van Jesus Christus te versprei. Hierdie boek kan nie verkoop word, op groot skaal gereproduseer word, op ‘n webtuiste geplaas word, in ‘n opsoekstelsel geberg word, vertaal word in ander tale, of gebruik word om fondse in te samel, sonder die uitdruklike geskrewe toestemming van Voice Of God Recordings®, nie.

Vir meer inligting of vir ander beskikbare material, kontak asseblief:

VOICE OF GOD RECORDINGS
P.O. BOX 950, JEFFERSONVILLE, INDIANA 47131 U.S.A.
www.branham.org